


AFDELING 2



VERKENNERS VAN AFRIKA & SUID-AFRIKAANSE OSEANE, SKEEPSWRAKKE EN SEEVOËLS

GESKIEDENIS AFDELING 2A

Noemswaardige Gebeure	Bartholomeus Dias se poging om om die Kaap te vaar Vasco Da Gama vaar om die Kaap en bereik Indië
Geskiedkundige Leesstukke	Ouergids Groot Afrikaanse Heldeboek Die Storie van Ontdekkingsreise
Addisionele Titels	Lafras Cuyper reeks Die Skipperskneg van Spookbaai
Rolprente	Vir ouer kinders - die Engelse fliëk "Hornblower"

UITSTAPPIES

Die Bartolomeus Dias Museum in Mosselbaai het 'n lewensgetroue replika van Dias se karavel.
 Besoek die Surveyor General in Mowbray, Kaapstad, om talle kaarttentoonstellings te besigtig.
 Besoek die padrões in Kaappunt
 Besoek Diasstrand by Kaappunt. Daar is 'n lieflike staproete (vanaf Olifantsbos tot by die Punt) wat verby Diasstrand gaan.
 Besoek die Cape St Blaise ligtoring en grot in Mosselbaai.
 Besoek die Posboom in Mosselbaai.



Die Young gesin in 2008 op Dias se karavel

2A – VERPLIGTE HULPBRONNE

Ouergids

Hierdie gids bevat al die historiese agtergrondkennis waardeur julle gaan werk.

Groot Afrikaanse Heldeboek

Lees *Kaptein-majoor* en *Dona Leonora*

Die Storie van Ontdekkingsreise, Anna Claybourne

Hierdie boek vertel die verhale van onverskrokke ontdekkingsreisigers oor die wêreld.

2A – ADDISIONELE HULPBRONNE

Die Skipperskneg van Spookbaai, Nickey van Schalkwyk

Hierdie boek speel af in die 17de eeu, nie in die 14de eeu nie. Dit is 'n wonderlike see-avontuur om te geniet terwyl julle deur hierdie afdeling werk.

Lafras Cuyper Reeks, Karl Kielblock


Die Lafras Cuyper-reeks is see-avonture en propvol opwinding en spanning!
Lafras Cuyper boeke is op feite gebaseer.

KUNSWAARDERING

In hierdie deel van die Suid-Afrikaanse kunswaarderingkursus, bestudeer die volgende kunstenaars:

JH Pierneef

Maggie Laubser



2A – GESKIEDENIS



Vroeë seevaarders het ontdekkingsreise aangepak deur naby aan die kus, van een baken tot by die volgende baken, te seil. Teen die 15^{de} eeu, kon die Portugese seevaarders reeds die son en die sterre gebruik om te bepaal waar hulle is. Hulle kon dit met akkuraatheid doen deur van kompasse, astrolabiums, kwadrate en uurglase gebruik te maak.

In die vroeë 1400's het Prins Hendrik, seun van Koning Johan I van Portugal, 'n navigasie-, sterrekunde- en kaartografie skool begin. Daar is belangstellendes vaardighede geleer om die onontdekte see te gaan verken. Prins Hendrik se skool was geleë in Sagres, naby die mees suid-westelike punt van Europa.

Prins Hendrik het oor 'n tydperk van twaalf jaar veertien ontdekkingsreise geborg. Alhoewel hy self nooit een van die togte wat hy beplan het, onderneem het nie, het sy entoesiasme baie verkenners geïnspireer om nuwe plekke te gaan ontdek. Prins Hendrik het ook bekend gestaan as Hendrik die Seevaarder.

Vroeë seevaarders was baie bygelowig en het nooit verder suid gevaar as Kaap Bojador nie. Kaap Bojador is aan die weskus van Afrika, naby die Kanarie-eilande. Seevaarders het geglo dat die son by die ewenaar so naby aan die aarde was, dat dit die mense se velle swart gebrand het. Hulle het ook geglo dat die see daar kook, groot maalkolke maak en dat daar groot seemonsters gebly het!

Bartholomeus Dias



Eers nadat 'n dapper klompie Portugese seemanne verby Kaap Bojador gevaar het en hul ervarings gaan deel het, het ander ekspedisies gevolg wat selfs verder suid teen die Afrika kus afbeweeg het.

Ses Afrika vroue, wat deur Diogo Cão na Portugal gebring is en 'n geruime tyd in Portugal deurgebring het, was ook op Dias se vaart. Die vroue sou, gekleë in Europese kleredrag, langs die Afrika kus aan wal gaan en aan die Afrika inwoners goud, silwer en speserye wys, in die poging om uit te vind of daar soortgelyke handelsitems in hulle deel van Afrika aan te tref was. Maar die Portugese was bo alles op soek na die Koningkryk van Priester Jan. Hy was 'n legendariese Christenvors, wat glo aan die hoof van 'n fabelagtige Christengroep, in Afrika gestaan het. Die

Portugese wou kontak maak met Priester Jan en vriendskapsbande met hom sluit.

Die Portugese was die eerstes wat probeer het om 'n nuwe roete na Indië te vind. Bartholomeus Dias is welbekend daarvoor dat hy die eerste reisiger was wat dit kon regkry om verby die punt van Afrika te vaar. In 1488 het Dias van Europa al teen die kus van Wes Afrika begin afvaar.

Toe Dias die punt van Afrika bereik, is hy heeltemal van sy roete afgegooi deur 'n groot storm. Die bemanning het vir 13 dae lank teen die sterk winde probeer wen. In hul verwoede pogings teen die storm, het hul baie ver van hul roete teen die Suid-Afrikaanse kusgebied afgewyk.

Paniek het hoogty gevier onder die bemanning omdat dit 'n verwoede poging was om die sterk winde te probeer vermy. In een van die pogings om van rigting te verander, het hulle noordwaarts begin vaar en op die 4^{de} Februarie 1488 het die bemanning vir die eerste keer weer land gesien. Dit was nie Kaappunt soos hulle gehoop het nie, en die meeste geskiedkundiges is dit eens dat dit Mosselbaai moes wees.

Dit was by Mosselbaai waar Dias en die Khoi-Khoi suksesvol vir vleis onderhandel het. Dias en sy bemanning wou hul voorraad vars water aanvul, maar die Khoi-Khoi het baie kwaad geword toe die bemanning water uit hul fonteine probeer skep. Tydens hierdie konflik is een van die Khoi-Khoi mense met 'n kruisboog gedood. Die konflik was met die Attaqua's, wat hulself tussen die Outeniqua berge en die Gouritsrivier gevestig het.

Dias het sy bootreis vanaf Mosselbaai na die Oos-Kaap voorgesit, maar as gevolg van die intensiteit van die storms in daardie area en die lae moraal van sy manskappe, het Dias sy vloot omgedraai, terug na Portugal toe, en nie sy roete na Indië voltooi nie. Bartholomeus Dias, 'n ware man van die see, is op 24 Mei 1500 oorlede, toe 'n sikloon sy vloot, bestaande uit vierkarvele, in die Suid-Atlantiese Oseaan verwoes het.



Standbeeld van Dias in Kaapstad

Vasco Da Gama

Vasco Da Gama is die volgende Portugese seevaarder wat probeer het om 'n roete na Indië te vind – 10 jaar na Dias. Da Gama het baie meer kontak gehad met die inwoners van Suid-Afrika toe hy, eers in St. Helenabaai, en later in St. Blaize by Mosselbaai geland het. Die eerste keer wat Da Gama en sy bemanning met die Attaquas te doen gekry het, het hulle suksesvol onderhandel: krale, knope en ander items vir vleis en water.

Op sy terugtog uit Indië in 1498 het hy weer by St. Blaize aangedoen om met die Khoi-Khoi te ruil, maar daar was geen teken van hulle nie. Die bemanning het toe maar die voorraad vir hul terugvaart aangevul met pikkewyneiers en robvelle.

Skeerbuik



Skeurbuik was 'n siekte wat groot probleme op ontdekkingsreise veroorsaak het, aangesien baie bemanningslede daaraan dood is. Die simptome van skeurbuik is bloeiende en geswelde tandvleis, en dit was baie moeilik vir die wat aangetas is om te eet. Die slagoffers van die siekte se tande het losgeraak en uitgeval. Hul arms en bene het gepyn en styf geword en sere het op hul lywe gevorm, wat oopgebars het.

Skeurbuik word veroorsaak deur 'n tekort aan Vitamien C, wat in vars vrugte en groente voorkom. In 1605, het 'n kaptein 'n uitbreek van skeurbuik suksesvol teengewerk deur vir sy bemanning suurlemoensap te gee om te drink. Dit het eers baie later bekend geword dat vars vrugte en groente in die dieët skeurbuik kon voorkom.

Padrões

Portugese seevaarders het hul landingsplekke gemerk met groot klip-kruise wat padrões genoem word. Daar word gesê dat Dias een opgerig het by Kaappunt in 1487, maar dit is nie vandag meer sigbaar nie. Hy het nog een opgerig op die mees oostelike punt van sy reis, by die Boesmansrivier in die Oos-Kaap. Die oorblyfsels van die kruis is eeue later deur 'n Suid-Afrikaanse historikus ontdek.

Karvele

Vir die Portugese seevaarders om die Afrika-kus te verken, was 'n ander tipe boot nodig as dié wat gebruik is vir binnelandse vaarte. Daar is dus ander soort bote, karvele, gebou om die rowwe see en sterk seestrome te trotseer. Die karveel was 'n taamlik smal, vinnige handelskip met twee tot drie maste. Die grootmas midskeeps, was 'n bietjie langer as die lengte van die skip. Dan kon dit 'n voormas en of 'n kruismas hê. Die Voormas was ongeveer die helfte van die grootmas en op die voordek; en die kruismas, op die agterstewe van die skip. Die karveel het waarskynlik net latynseile gehad, maar kon ook raseile hê. 'n Latynseil is driehoekig en word met die kop aan 'n ra of spar, wat skuins oploop en na weerskante kan beweeg, geslaan. Die raseil was dwarskeeps met die mas gekruis. Die kombinasie van hierdie seile het die karveel in staat gestel om teen wind te seil, wat nodig was om suid te seil teen die Afrika kus. 'n Karaveel was ongeveer 20 meter lank en kon tot 25 bemanningslede akkommodeer.

Tydens die 500ste herdenking van Dias se vaart in 1998 is 'n replika van 'n karavel gebou en na Mosselbaai gestuur om die oorspronklike vaart te herdenk. Dit word tans vertoon in die Bartholomeus Dias museumkompleks in Mosselbaai. Kaptein Emilio de Sousa, 'n Suid-Afrikaner van Portugese afkoms, het die bemanning van 17 Suid-Afrikaanse- en Portugese burgers gelei, na die voltooiing van die skip in die Portugese port Vila do Condo, Noord van Lisabon. Dit het hulle twee maande geneem om hul vaart te voltooi.

Navigasie-instrumente

Die astrolabium is 'n ronde voorwerp met 'n klomp sirkels en 'n staaf in die middelste sirkel. 'n Seevaarder het dit gebruik om die sterre en die son se posisie te bepaal. Tesame met die gebruik van lengtelyne, kon presies bepaal word waar die skip is. Dit was wel 'n baie swaar koper instrument en was moeilik om te gebruik op onstuimige see.

Die kruis-staaf is ligter en makliker om te gebruik op 'n bewegende skip. Dit het bestaan uit 'n houtstaaf van ongeveer een meter lank met 'n kruisstaaf wat dwars kon beweeg. Dit is halfpad tussen spesifieke sterre en die horison gemik en die kruisstaaf is dan geskuif dat die bo deel die ster bedek en die onderste deel gelyk is met die horison. Die hoek, wat gelees is vanaf 'n skaal wat op die staaf gemerk is, is dan gebruik om die skip se posisie te bepaal.



Astrolabium

Die uurglas, is deur die seevaarders gebruik om te bepaal hoe laat dit is. Die sand het 30 minute geneem om deur die uurglas te loop en is dan omgedraai.


Om die skip se spoed te bepaal het die seevaarders 'n geknoopte tou langs die skip gesleep en gekyk hoe lank dit die skip neem om verby elke knoop in die tou te vaar. Dit is waar die term "knope" vandaan kom. Dit word steeds vandag gebruik. Een knoop is gelyk aan ongeveer 1.85 kilometer per uur of per see of per lug.



Navigasie-instrumente wat deur Portugese ontdekkingsreisigers gebruik word

Dias se Karavel

- | | |
|----------------|-------------------|
| 1. Hoofmas | 11. Dekopening |
| 2. Werfarm | 12. Kaapstand |
| 3. Omhulsel | 13. Helmstok |
| 4. Mizzen-mas | 14. Anker |
| 5. Mizzen-seil | 15. Deadeye |
| 6. Agterboeg | 16. Ballastgebied |
| 7. Boeg | 17. Agterstewe |
| 8. Roer | |
| 9. Kiel | |
| 10. Dek | |



2A - OPDRAGTE

Voltooi soveel van hierdie opdragte as wat jy wil, maar nie minder as vier nie:

Kaartwerk

- Op jou groot kaart, merk al die plekke waarvan jy in hierdie afdeling geleer het.
- In 'n atlas, soek 'n kaart of kaarte wat Portugal en Afrika aantoon. Bestudeer die roete wat hulle sou neem om om Afrika te reis. Identifiseer Portugal en Lisabon en toon die res van die roete aan wat deur die karaveel gevolg is, tot in die Kaap. Kyk of jy Indië ook kan aandui.
- Dui, op die kaart, elke dorp en landingsplek aan, spesifiek Lisabon, Sagres en Vila do Conde.
- Dui, op jou muurkaart, die suider-Afrika deel van die reis aan. Gebruik die kaarte in die aanhangsels as hulpbron.
- Gebruik 'n Atlas en kyk na die verskillende soorte kaarte wat vandag beskikbaar is: Polities, fisies en klimaat. Let op hoe rigting en skaal aangetoon word.
- Teken 'n kaart wat die roete van julle huis tot by die naaste winkel aandui.

Tydlyn

- In jou tydlynboek, plaas al die persone en datums waarvan jy geleer het, op hul regte plekke.

Skrywerk

- Skryf 'n opstel oor hoekom die naam Kaap van Storms verander is na Kaap van Goeie Hoop.

Praktiese aktiwiteit

- Soek 'n boek waar verskillende knope met tou geïllustreer word of vra 'n ouer om vir jou 'n paar verskillende soorte knope te wys. Om 'n goeie knoop te kan maak sal jou nog eendag baie kan help.
- Maak 'n fotostaat van die Portugese vlag en kleur dit in: rooi, groen, geel, wit, blou en swart.
- Besoek die padrão (Monument in die vorm van 'n klippilaar) teen ons kuslyn, as jy in die area woon.


- Maak 'n uurglas:

Benodigdhede:

- Twee klein botteltjies
- Stukkie karton
- Sout (of fyn, droë sand)
- Maatbeker
- Stophorlosie
- Permanente pen

Metode

- Was die bottels deeglik en maak dit heeltemal droog.
- Maak 'n tregter met die karton en plaas dit in een van die bottels, om die vul van die bottel met sand te vergemaklik..
- Sny 'n sirkel wat binne-in die bottel kan pas en maak 'n gaatjie binne-in die middel van die sirkel.
- Meet die sout/sand af en plaas dit in die ander bottel.
- Plaas die leë bottel oor die ander bottel deur die sirkel oor die opening van die onderste bottel te plaas.
- Maak seker dat die karton die bottel mooi seël.
- Draai jou uurglas om en kyk wat gebeur.
- Gebruik nou jou stophorlosie en teken die sekondes op die kant van die bottel aan met die permanente pen. Kyk hoe lank dit neem dit vir die sout/sand om deur te loop.
- Herhaal deur 'n karton te gebruik met 'n groter gaatjie in. Wat dink jy sal gebeur as daar 'n groter gaatjie in die karton is?



2B NATUURWETENSKAP Suid-Afrikaanse oseane, skeepswrakke en seevoëls	
Literatuur	Ouergids Suid Afrikaanse See Avonture, Jay Heale Kaarte, Esta Grobler
Rolprent	Enige see of kus dokumentêr wat jy in 'n biblioteek kan vind Ouer leerders sal die Engelse reeks "Hornblower" baie geniet.
Addisioneel	Oloff die Seerower (16 boeke)

UITSTAPPIES

Akwariums:
Two Oceans – Kaapstad
uShaka – KZN
Bay World – PE

Marine bewaringsgebiede:
 Daar is 42 marine bewaringsgebiede in Suid-Afrika. Kyk gerus na ons kursus webtuiste om te sien waar dit geleë is.
 By Boulderstrand in Simonstad kan die pikkewyn kolonie besoek word, neem die boot na Robben Eiland in Kaapstad of besoek Stony Point in Bettiesbaai. By die Two Oceans Akwarium kan verskillende soorte pikkewyne gevind word.
 Reël 'n besoek aan SANCCOB 021-5576155 of besoek www.sanccob.co.za
 Besoek Intakaeiland met jou natuurjoernaal en kamera – vir 'n paar uur of sommer vir die hele dag!
 Onderneem 'n staptog op die Kaappunt Skeepswrak roete – 'n maklike roete vir alle ouderdomme (kleuters sal gedra moet word).
 Besoek die Maritime Services Museum in Kaapstad, Skeepswrak Museum in Bredasdorp en die Oos Londen Museum. Daar is interessante skatte wat van skeepswrakke af kom.
 Besoek die Strandveld Museum nearby Gansbaai <https://whalecoast.info/the-strandveld-museum/>



2B – VERPLIGTE HULPBRONNE

Ouergids

Hierdie gids bevat al die natuur agtergrondkennis waardeur julle sal werk.

Suid Afrikaanse See Avonture, Jay Heale

Suid-Afrikaanse see-avonture is ware avontuurverhale wat in en op die see langs ons ruwe kus afgespeel het. Die verhale strek van die minder bekende redding van skeepslui deur Jochem Willemsz in 1692 (ook te perd, net soos Woltemade) tot by die ramp van die Oceanos en die keldering van die seiljag die Pionier, tydens die eerste wedvaart van Kaapstad na Rio de Janeiro in 1971.

2B – ADDISIONELE HULPBRONNE

Oloff die Seerower, Gerrie Radolf

Oloff die seerower reeks is seerower verhale op sy allerbeste en geskryf deur een van Suid Afrika se meester skrywers van toeka, naamlik Gerrie Radlof. Dit handel kortliks oor Oloff van Wagenaar se vader wat deur 'n seerower met die naam van Ben van Osse doodgeskiet word. Kort tevore het hy vir sy seun in Holland geskryf om vir hom te kom kuier in die Kaap. Omrede Oloff van Wagenaar ook rooi hare en blou oë het en op 'n haar na soos Ben van Osse, die seerower lyk, word hy van moord op sy vader verdink, want die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap reken sy ma het hom opgesteek om dit te doen, omdat sy vader haar in Holland verlaat het. En net daar begin die verhaal van Oloff, nie net om sy onskuld as voortvlugtige te probeer bewys nie, maar hy neem ook 'n eed dat hy nie sal rus voor hy die waterweë van die Ooste bevry het van die seerowereuwel.


Die Seeboek van die Sonderkossers, Jan Rabie

'n Staptog al met die kus langs... sonder 'n voorraad winkelkos. Sonder 'n luukse soos vuurhoutjies of flitse. Of iets beskaafs soos sjokolade in die rugsak. Dit is wat die Sonderkossers in hul vakansie aanpak, die ekspedisie bestaande uit Kraai, Bennie, Leentjie en haar pa, Daniel. Hulle het mekaar uitgedaag: Wie gaan die beste uithou, die beste oorleef? Om eenuur in die more laai Leentjie se ma hulle êrens langs die see af, ver weg van enige beskawing. Die motorlig verdwyn. Rondom hulle is die nag vol geheimsinnige geluide. 'n Vakansie soos geen ander nie, het begin. Die Sonderkossers vermy die stranddorpies. Snags slaap hulle in die sterlig teen 'n duin. Soms vind hulle 'n gerieflike grot en bly 'n paar dae daar. Kos kry hul uit die spens van die see of van veldplante. Oorlewing word vir elk 'n werklikheid, 'n onvergeetlike ervaring...

Stormsee oor Skoonbergbaai, Pieter Pietrse

Die storie vertel van die alleenkind Kleinskip se liefde vir Mart en sy stryd teen die bevoorregte Roelf. Kleinskip se persoonlike groei en sy insig in waarin werklike waarde te vinde is, is die vernaamste tema van die boek. Kommentaar word ook gelewer op groot vistreilers wat klein vissersgemeenskappe se voortbestaan bedreig. Hierdie boek wen Tafelberg Uitgewers se jeugverhaalwedstryd in 1981

Suid-Afrika se Twee Oseane



In die Kaap is daar baie plekke wat "Two Oceans" genoem word en selfs byeenkomste word daarna vernoem. Daar is die Two Oceans Akwarium, die Two Oceans Maraton, bemarkingsmaatskappye en baie restaurante dra die naam. Dit is omdat Suid-Afrika die plek is waar die Atlantiese Oseaan en die Indiese Oseaan ontmoet.

Suid-Afrika word ook in 'n groot mate beïnvloed deur die Suidelike of Antarktiese Oseaan. Die noordelike deel van die Suidelike Oseaan word aangetref op die 60ste lengtelyn in Suid-Afrikaanse waters en eindig by ongeveer 35 grade lengtelyn. In alle eerlikheid kan die Kaap eintlik die titel "Three Oceans" aanneem, maar ons gaan maar eerder nie daarop aandring nie. Ons bly

maar by die erkende Two Oceans.

Langs die kus van Suid-Afrika het daar sedert die 1500's meer as 2 500 skepe gestrand, insluitend die van Portugese seevaarders op hul ontdekkingsreise om die Kaap, die Hollanders, die VOC, die Engelse en nog baie ander. Omdat ons kuslyn dus berug is daarvoor dat dit skepe verwoes, is daar 'n paar bekende skeepswrakke wat ons van naderby gaan bekyk en hoekom dit gesink het.

Suid-Afrika het 'n ryk seelewe, waarvan die vreemde selakant een is. Selakant is een van die mees bekende voorbeelde van 'n "lewende fossiel". Die groot, fris liggaam het groot, oorvleuelende, benerige skubbe met tandagtige uitsteeksels. Volgens evolusionere fossiel wetenskaplikes (paleontoloe) het selakante tussen "300 en 400 miljoen jaar" gelede geleef en reeds om en by "70 miljoen jaar" gelede uitgesterf. Dit was dus met groot skok en verbasing, wat 'n lewendige selakant in 1983 ontdek is langs die kus van Oos-Londen in die Oos-Kaap.



Nog meer verstommend en verwarrend vir evolusioniste, was die feit dat hierdie vis geensins verskil van die sogenaamde "300 miljoen jaar oue" selakant fossiel nie. Een van vele bevestigings van die Bybelse tydlyn en skeppings-geskiedenis.

Indien jul meer wil oplees oor die selakant, besoek gerus die kursus webtuiste waar twee dokumente beskikbaar is oor die verrassende ontdekking van die selakant. Daar is ook 'n radio-opname van 1952 waar 'n onderhoud gevoer is met die ontdekkers van die vis.

Ons kuslyn spog met ongeveer 5% beskermde areas waar anemone, eetbare seeplante, dolfyne en verskeie soorte vis beskerm word teen stroping. Dit maak dat die populasies van seelewe onverstoord kan groei. Suid-Afrika het 'n ryk erfenis vir ons om te verken. Kom ons maak ons voete nat en spring in 'n see vol studiemateriaal!

Skeepswrakke aan die Suid-Afrikaanse kus

Met meer as 2 500 skeepswrakke teen ons kus, is dit onmoontlik om elkeen van hulle te behandel, maar as jy belangstel, het ons 'n opwindende opdrag aan die einde van hierdie afdeling waar jy meer oor dié onderwerp kan leer. Ons gaan bespreek hoekom skepe gesink het en ons gaan 'n paar bekendes bespreek, veral die wat jy kan sien teen ons kuslyn af.

Teen ons kuslyn is daar 'n verskeidenheid ou en nuwe skeepswrakke. Die eerste een wat aangeteken is het in 1552 teen die KwaZulu-Natalse kus gesink en die mees onlangse een het in 2013 teen die kus van Namibië gestrand (tegnies nie deel van Suid-Afrika nie maar tog wel suidelike Afrika).

Omdat daar so baie is, gaan ons net op die ongewones fokus en dié wat jy van die kus af kan sien.

Sao João (1552)

Die Sao João was 'n reuse 900 ton-galjoen - gebou in Lisabon, Portugal se skeepswerf in 1550. Die eerste vaart was na Indië en op die terugtog het dit gesink. Dit het vertrek uit Cochin, Indië op 3 Februarie 1552, gelaai met peper, Chinese porselein en ander voorraad.

Die Sao João's se takelwerk is beskadig in 'n storm. Op 8 Junie 1552 het die skip op die rotse geloop en die kiel het in 2 dele gebreek naby Port Edward in KwaZulu-Natal. Sowat 120 van die 600 mense aan boord het omgekom in die wrak en die oorlewendes het vir vyf en 'n half maande die moeilike tog te voet aangepak na die Maputorivier in Mosambiek. Meeste van hulle het gesterf in aanvalle deur inheemse stamme, ander van siektes en ander het van die honger omgekom. Van die oorspronklike 500 mense wat die tog aangepak het, het daar slegs 25 by die Maputorivier aangekom.

Daar is 'n besondere versameling kunswerke en ander toerusting uit

Die Nieuwe Haarlem¹

Die Nieuwe Haarlem en Schiedam, twee Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) skepe, het as deel van 'n klein terugkerende vloot, Batavia op 22 Desember 1646 verlaat, terug na Holland. Die vloot het in Maart 1647 Tafelbaai, ingevaar onder die uitdagende weersomstandighede van 'n sterk Suid-Ooster. Die Nieuwe Haarlem was ongelukkig en is op 22 Maart 1647 op die strand gedryf by Bloubergstrand. Alhoewel 'n ander VOC skip "Die Olifant" probeer help het, was die bemanning van die Haarlem verplig om die skip te verlaat. Van die Haarlem se bemanning is verdeel onder die res van die vloot om terug te keer na Holland. Die vrag van die Haarlem was egter baie waardevol en daar is besluit om dit te verskuif na veiligheid op die strand en sestig mans is in beheer geplaas om die vrag op te pas, totdat opdragte van Batavia ontvang sou word.

Leendert Janzen, 'n onderoffisier van die Haarlem is in beheer geplaas van die sestig mans en waardevolle vrag en het opdrag gegee dat 'n fort, "Die Sandfort" gebou word van klippe en modder, beskikbaar uit die omgewing.

Gedurende hul verblyf, het die bemanning van die Haarlem bevriend geraak met die inheemse bevolking en ruilhandel gedryf vir vars vleis. Hulle het ook klein groentetuine aangelê langs die banke van die varswaterstroompies in die omgewing.

Hulle was baie gretig om terug te keer huistoe en in 1648 het 'n vloot van Batavia opgedaag, bestaande uit 12 skepe. Dit het 18 dae geneem om die vrag van die Haarlem aan boord te neem en

¹ <https://www.sahistory.org.za/article/list-south-african-shipwrecks>

gevolglik het die passasiers van die skepe genoeg tyd gehad om die klein modderfort en groentetuine te inspekteer. Onder die passasiers was ene Jan van Riebeeck op pad terug Holland toe na 'n besoek aan Batavia.

Met hul terugkeer in Europa, het die bemanning van die Haerlem, ondersteun deur die goedgegunstige verslag van Jan van Riebeeck, voorgestel dat die Kaap as VOC halfwegstasie gebruik word vir skepe wat reis tussen Europa en die ooste. Die Kompanjie het die plan goedgekeur en op 6 April 1652 het 'n groep van 90 setlaars, onder leiding van Jan van Riebeeck, in die Kaap aangekom.



Die Grosvenor (1782)

Daar word beweer dat hierdie skip 'n ryke skatkis van diamante, robyne, goud en silwer aan boord gehad het. Reuse pogings is reeds aangewend om hierdie skat te probeer vind, maar al wat tot op hede gevind is, is 'n paar kanonne en 'n paar goud en silwer muntstukke. Die Grosvenor het op die rotse geloop by Lambasibaai (Oos-Kaap) op haar laaste vaart van Indië na Brittanje op 4 Augustus 1782.

Die Arniston 1815

'n Britse Oos-Indiese handelskip het gesink naby Waenhuiskraal (nou Arniston) in die Wes-Kaap. Die inwoners het die naam van die dorpie verander om dit te vernoem na die skip wat gesink het en om diegene wat daardie nag omgekome het, te vereer. 'n Orkaan het naby die skip ontwikkel en die kaptein het geen ander keuse gehad as om nader aan die land te vaar nie. Die skip het 'n koraalrif getref en in stukke gebreek. Daar was 378 passasiers en bemanningslede aan boord en slegs 'n paar het oorleef.

Lues-seuns by die Thomas T Tucker skeepswrak, by Kaappunt



Interessante Seevoëls van Suid-Afrika

Albatros

Selfs al sien jy hierdie voël net een keer in jou lewe, kan jy baie bevoorreg voel. Daar is slegs 22 albatros spesies wêreldwyd, en van die suidelike oseane kan naby Suid-Afrika slegs sowat 8 albatrosspesies teen die kus van Suid-Afrika waargeneem word.



Daar is baie matroos-fabels oor die voël en die naam word selfs gekoppel aan talle kleingelowige sienings. Dit is die onderwerp van talle mites en legendes, omdat dit so 'n skaars en groot voël is.

Die Engelse digter, ST Coleridge, het 'n baie lang gedig geskryf "The Rime of the Ancient Mariner" wat handel oor 'n seevaarder wat 'n Albatros doodgemaak het en hoe die bemanning en die skip as gevolg daarvan deur verskeid rampe getref is.

Inderwaarheid is die voël maar net 'n voorbeeld van God se skepping en jy sal nooit die gesig vergeet, as jy een sien vlieg nie. Daar is huidiglik baie natuurbewarings programme wat die spesie beskerm en help dat kwesbare kuikens oorleef.

Hierdie reuse voël, met die smal vlerke, kom nie gereedlik teen die kus van Suid-Afrika voor nie. Hulle word meestal diep in die see gesien. Die wat wel gesien word, bou nes op Marioneiland, wat 2160km suid van Kaapstad is. Marioneiland is een van twee Prins Edwardeilande wat deur Suid-Afrika in 1947 geannekseer is. Op die eilande is daar twee weerstasies, wat deur die Nasionale Arktiese program in stand gehou word. Die Albatros broei ook op Gougheiland, wat in die Suid-Atlantiese Oseaan is. Gough word nie deur Suid-Afrika onderhou nie.

Die voëls het 'n vlerkspan van 2.5 – 3.5 m. Hulle sweef naby aan die water oppervlak, sonder om hulle vlerke te klap, op soek na kos. Hulle eet vis, seekat, kriel en die vis oorskiet van vissersbote. Hul smaak vir visafval (hulle eet die organe) het daartoe gelei dat hul getalle baie afgeneem het. Hulle word vasgevang in visserslyne en gaan dan dood. Besoek die kursus webwerf vir 'n skakel wat uitbrei hoe die albatros taakmag daarin geslaag het om tussen 2009 en 2014 sterftes amper 100% te bekamp.

Die volgende albatrosse besoek Suid-Afrikaanse waters:

1. Koningsalbatros (Royal albatross)
2. Grootalbatros (Wandering albatross)



3. Bloubekalbatros (Shy albatross)
4. Gyskopalbatros (Grey-headed albatross)
5. Swartrugalbatros (Black-browed albatross)
6. Geelneusalbatros (Yellow-nosed albatross)
7. Swartkopalbatros (Dark and light mantled sooty albatross)

Uit die 22 spesies wêreldwyd is drie ernstig bedreig, vyf is bedreig en sewe se getalle word as kwesbaar geklassifiseer. Dit kan aan veelvoudige redes toegeskryf word. Soos hierbo genoem, het visserslyne die populاسie 'n knou gegee. Rondloper katte en rotte op die eilande vreet die eiers en die kuikens; daarby speel besoedeling ook 'n groot rol in die afneem van getalle. Indien jy sou belangstel om deel te wees van die bewaring van die spesie is daar fondsinsameling idees hier onder.

Trekduiker (Cormorant)



Ons het vier trekduiker spesies in Suid-Afrika. Hulle is beslis nie so oulik soos die brilpikkewyn, so indrukwekkend soos die albatros, of so interessant soos die swartobie nie.

Omdat hulle reg teen die kus voorkom is dit egter goed om meer van hulle te weet. Die eerste deel van hul Afrikaanse naam, "trekduiker", is afgelei van die feit dat hulle in lang V-vormige vormasies deur die lug "trek". Die tweede deel "duiker" is omdat hulle op hul prooi in die water afduik en dan onder die water jaag. Hulle word soms opgemerk waar hulle in swerms van duisende opdaag en 'n skool sardientjies jag. Soos reeds bespreek,

het die brilpikkewyn waterdigte vere, maar die trekduiker het nie waterdigte vere nie. Hulle maak juis staat daarop dat hul vere nat word, sodat hulle dieper onder die water kan jag agter kos aan. Hulle word ook baie gesien waar hulle met oopgespreide vlerke in die sonnetjie bak, op rotse en die strand.

In Suid-Afrika kom vier soorte trekduikers voor: die Kaap kormorant, die bankduiker en gekroonde kormorant, wat kos in die see soek; en die witborsduiker, wat in vars water, veral riviermondings, kos soek.

Die Kaap Kormorant broei in 69 areas tussen Namibië en die Oos-Kaap. Hulle migreer gereeld op teen die ooskus van Suid-Afrika tydens die sardynloop. Elke jaar tussen Junie en Julie is daar groot skole sardientjies dig teen die kus van KwaZulu-Natal. In hierdie koue wintermaande beweeg die visse van die koue weskus na die warmer ooskus. Die sardientjies volg die plankton wat noordwaarts opbeweeg teen die ooskus van Suid-Afrika. Hierdie sardientjies word dan deur groter visse, soos leervis en koningsmakriel (giant mackerel), gevolg. Aan die onderkant van die skool sardientjies is daar gewoonlik haaie en bo in die lug die voëls. So 'n gebied is 'n visserman se droom. Hulle sal daarheen stroom, sommiges vir die sardientjies en ander vir die groter visse wat die sardientjies volg.



Een van die interessantste spanpogings tussen seediere en voëls is die samewerking tussen dolfyne en witmalgasse. Hulle werk saam sodat elkeen kan weglê aan die sardientjies. As jy meer daarvoor wil oplees, kyk na die opdrag wat hieronder voorgestel word. Terug by die trekduikers – die bankduiker broei in klein kolonies op eilande teen ons weskus. Sommiges verloor hul neste aan die rowwe see, maar binne 24 uur sal hulle dit herbou. Hulle verwyd hul tyd aan kos soek tussen die kelp en geniet seekatte en selfs kreef – hulle hou duidelik van lekker eet.

Die gekroonde kormorant het 'n klossie vere wat regop staan, teen die kern van sy rooi bek. Jy sal hulle slegs tussen Walvisbaai en Kaap Agulhas aantref en hulle word selde verder as 10km van die kus aangetref.

Hulle deel hul nes area met ander voëls soos die brilpikkewyn en die witmalgas.

Die witborsduiker het, net soos sy naam sê, 'n wit keel en bors. Dit soek kos in vars water en word daarom spesifiek gevind by riviermondings by die see, strandmere, eilande en binnelandse damme en riviere.

Daar is natuurlik nog honderde ander soorte voëls wat jy kan bestudeer naby jou, of wanneer jy weer die kus besoek. Hierdie was maar net 'n paar om jou belangstelling te prikkel.



2B - OPDRAGTE

Voltooi soveel van die opdragte as wat jy wil, maar nie minder as vier nie:

Kaartwerk

- Op jou muurkaart, of 'n fotostaat van die kaart aangeheg, teken aan al die skeepswrakke wat ons behandel het. Voeg dan die seestrome by en merk die verskillende oseane.
- Dui op die Afrika kaart aan waar pikkewyne al teen die kus af, vanaf Algoabaai tot in Namibië, voorkom. Merk ook Simonstad en Bettiesbaai op jou Suid-Afrika kaart.
- Merk Robbeneiland en Dasseneiland op jou Suid-Afrika kaart.
- Merk Marion, Prins Phillip- en Gougheiland op die kaart aan.

Tydlyn

- In jou tydlynboek, plaas al die skeepswrakke, plekke en datums wat genoem is, op hul regte plekke.

Skryfwerk

- Begin 'n voëlkykjoernaal en besoek voëlryke gebiede in jou omgewing.
- Kyk YouTube videos oor hoe SANCCOB pikkewyne gered en gerehabiliteer het na olierampe. Skryf 'n verslag oor die uitwerking van oliestortings op die omgewing.
- Doen navorsing oor en maak 'n tabel oor oliestortings wêreldwyd oor die afgelope vyf jaar. Sluit in waar, die datum, die omvang en wanneer dit skoongemaak is.

Praktiese aktiwiteite

- Begin met 'n skulpversameling. Om dit reg te doen is 'n ware kuns. Die term wat ons vir so 'n versameling gebruik is: Konchologie. Voor jy met jou versameling begin, doen bietjie navorsing oor hoe om skulpe te versamel, te bewaar en benoem. Koop 'n goeie veldgids aan en geniet jou reis. Versamel verskillende skulpe en gebruik jou gids om die skulpe te klassifiseer en aan te dui waar hulle inpas.
- Kyk of jy kan sien hoe verskillende skulpe geskep is om te verhoed dat hulle geeët word.
- Maak gebruik van skuurpapier of 'n plat metaal vyl om 'n skulp af te vyl en die binneste struktuur te sien. Die meeste keëlvormige skulpe het die pragtigste spiraal strukture aan die binnekant.
- Om te bepaal waarvan skulpe gemaak is, skuur die skulp met 'n metaal vyl en maak die poeier bymekaar in 'n bakkie. Voeg asyn by die poeier. Die mengsel sal begin borrel. Dit bevestig dat die skulp bestaan uit kalsiumkarbonaat. Wanneer die suur, bv. asyn, in aanraking kom met 'n alkalie karbonaat, vorm daar 'n gas (koostofdioksied).
- Skep 'n kykspel van die see deur gebruik te maak van die skakel op ons webwerf.
- Kyk 'n YouTube video oor die voëls van Marion-eiland. Marion-eiland benodig finansiële hulp om die muisplaag, wat die voël populasie bedreig, uit te roei. Begin 'n fondsinsameling om R1 000 in te samel, wat genoeg sal wees om 1 hektaar se muise op die eiland uit te roei. Lees meer hieroor op ons webwerf.
- Begin 'n voëlvoedarea in jou tuin.
- Neem deel aan 'n strand skoonmaak aksie – kyk op ons webwerf vir 'n skakel na die "Trash Free Seas".

Bykomende praktiese aktiwiteite**Eksperiment 1: Maak jou eie seewater**

Hierdie is nie regte seewater nie, maar dis naby genoeg. Jy gaan gewone tafelsout (natriumchloried) benodig.

Benodighede:

- o maatbeker
- o groot glashouer
- o kombuis skaal
- o lepel vir sout

Metode:

- o Meet 1 liter water af en gooi dit in die glashouer.
- o Voeg 35g tafelsout by die water
- o Roer tot die sout opgelos is. Vat 'n slukkie. Dit is hoe vars seewater behoort te smaak.
- o Hou die water vir die volgende eksperimente.

Eksperiment 2: Seesout

- o Maak 'n piering vol seewater. Los dit in die son tot die water verdamp het. Wat dink jy gaan oorbly in die piering?

Eksperiment 3: Meet die digtheid van water deur gebruik te maak van 'n hidrometer.

Hidrometer beteken watermeter. Seewater is digter as vars water omdat sout daarin opgelos is. Hoe digter die water is, hoe "dikker" is die water en hoe makliker sal iets daarin kan dryf. Digtheid word bepaal deur hoe naby die molekules aan mekaar gepak is.

Benodighede:

- o skêr
- o strooitjie
- o wondergom/klei
- o potlood
- o glas houër met vars water
- o houër seewater

Metode

- o Sny die strooitjie in die helfte deur en maak die een kant toe met 'n klein bolletjie klei.
- o Maak seker dat die klei genoeg is om die strooitjie in die vars water te laat dryf.
- o Maak 'n lyntjie vas aan die strooitjie. Plaas nou jou hidrometer in die seewater en kyk na die waterlyn.
- o Jy sal sien dat die lyntjie nou laer is, want die seewater is digter as die vars water.
- o Wat gebeur wanneer jou hidrometer in olie, asyn of suikerwater dryf?